e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

20 November 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 37

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 19 November 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

VOORBLAD

Fasiliterende leierskap bied hoop aan gemeentes

Die Hervormde Teologiese Kollege, in samewerking met die Raad vir Apostolaat en die Komitee vir Missionale Gemeentes, het van 10 tot 13 November die eerste kursus in fasiliterende leierskap aangebied. Dit sal in 2009 herhaal word.

Die aanbieders was dr Arnold Smit van die Seed Educational Trust en ds Japie Coetzee, albei geakkrediteerde fasiliteerders.

Die kursus slyp predikante se leierskapsvaardighede met betrekking tot gemeente-ontwikkeling en die prosesse wat daarmee gepaard gaan. So word predikante gehelp om die dinamika in hulle gemeentes beter te verstaan en kundiger te begelei. Daar is op die volgende temas gefokus:

- Leierskap in vasgeloopte situasies
- Die verstaan en fasilitering van prosesse in gemeentes
- Die verstaan en fasilitering van konflik in gemeentes
- Insig in die sisteme wat die interne dinamika van gemeentes as geloofsgemeenskappe beïnvloed
- Fasiliterende leierskap en prosesbegeleiding

Daar is veral vanuit 'n teologiese perspektief gekyk na aspekte soos groei en verandering, konflik en die gemeente as verhoudingsisteem.

Predikante wat die kursus bygewoon het, is opgewonde oor die inhoud en die vaardighede wat dit ontwikkel. Omdat die kursus op die praktyk gerig is, is van gevallestudies gebruikgemaak. Dit het daartoe bygedra dat predikante met groter selfvertroue en vaardigheid in die gemeente kan werk.

Dr Wim Dreyer
Sekretaris vir Apostolaat

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in *op e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na **epos@hervormer.co.za** of besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroepe ontvang

Ds Gerhard Kruger (foto links), beroepafwagtend, na Pretoria-Wes (deeltyds) en na Greylingstad (deeltyds).
Ds André Thomas (foto regs) van Welgelegen-Pietersburg na Wonderboompoort.

Beroep aanvaar

Ds Thys Redelinghuys, beroepafwagtend, na Roedtan.

Beroep bedank

Ds Gerrie Senekal van Lichtenburg na Waterberg-Wes.

Vakante standplaas: Gemeente Bloemfontein

Die gemeente beskik oor 'n vakante standplaas met **studentebediening** as opdrag. Voordele, werksomstandighede en pligte sal individueel met belangstellendes bespreek word. Aansoekers moet reageer voor **Vrydag 21 November 2008**. Skakel die skriba, dr Louis van der Westhuizen, by 083 643 1741 vir meer inligting.

Vakante standplase

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za indien u uitgebreide inligting oor vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za wil plaas.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Gerhard Lindeque**, predikant in Gemeente Rooihuiskraal, is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) benoem as redakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*. Hy volg prof Piet Geyser op wat op 31 Januarie 2009 emeritaat aanvaar. (Sien ook die berig op die agterblad.)

- **Ds Chris Liebenberg** (foto regs) neem op Sondag 23 November afskeid van Gemeente Grootvlei, waar hy sedert 1999 gewerk het. Hy het die beroep na Warmbad aanvaar en word vroeg in Desember in sy nuwe gemeente ontvang.
- **Ds Thys Redelinghuys** en sy vrou word op Sondag 23 November deur Gemeente Roedtan ontvang. Hy word dan in sy standplaas bevestig en lewer daarna sy intreepreek.

- **Ds Kálmán Papp** (foto regs) en sy gesin neem op Sondag 23 November afskeid van Gemeente Nigel, waar hulle sedert 1993 gewerk het. Ds Papp is benoem as Sekretaris in Kerkverband by die Bybelgenootskap.
- **Ds Milankie van der Walt**, beroepafwagtend, **se moeder** is op Dinsdag 18 November na 'n ernstige siekbed aan kanker oorlede. Sy was die eggenote van dr Koos Burger, wat die vorige ses jaar gedien het as lid van die Kommissie van die AKV. Meelewing word met die familie betuig.
- **Ds Adriaan Roets** van Gemeente Swartkop sterk tuis aan na sy groot operasie verlede week. Dit gaan onder omstandighede goed met hom.
- By die vergadering van die Kommissie van die AKV op 13 November is die aansoeke om **hertoelating** tot die evangeliebediening van drie voormalige predikante van die Kerk verder behandel. Hulle is **JJ Claassen, G Rocher** en **W Olivier**.

- By die vergadering van die Kommissie van die AKV op 14 November is **Francois Evert**, voormalige predikant van die Kerk, **toegelaat** tot die evangeliebediening en beroepbaar gestel nadat hy die proponentseksamen suksesvol afgelê het.

- Die Kommissie van die AKV het op 13 November die aansoek van **ds Flip Prinsloo**, predikant van Gemeente Rustenburg-Kloof, om aanvaarding van emeritaat op 31 Maart 2009 goedgekeur. Prof Theuns Dreyer sal by die geleentheid die akte van emeritaat aan hom oorhandig.

- Die Kommissie van die AKV het verlede week ook die aansoek van **prof Piet Geyser**, (foto regs) benoemde predikant van Pretoria-Oos en uittredende redakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*, om aanvaarding van emeritaat op 31 Januarie 2009 goedgekeur. Prof Theuns Dreyer sal op Sondag 1 Februarie die akte van emeritaat aan prof Geyser oorhandig.

- **Ds Charl Greeff**, voorheen verbonde aan studentebearbeiding in Bloemfontein, is op 13 November uit sy amp onthef nadat hy besluit het om van lewenstaat te verander en as lidmaat van die Kerk te bedank.

- **Ds Erick Oosthuizen**, benoemde predikant van Gemeente Ebenhaézer in Ellisras, is ook op 13 November uit sy amp onthef nadat hy besluit het om van lewenstaat te verander en as lidmaat van die Kerk te bedank.

- Die Kommissie van die AKV het die aansoeke van beroepafwagtende predikante om behoud van ampsvoorreg by sy vergadering op 13 November goedgekeur. Die verslae van ringskommissies oor beroepafwagtende predikante in hulle ringsgebied het ook aandag geniet. **Prop S van Schalkwyk-Botha** het versoek dat haar proponentsvoorreg nie kontinueer nie, en sy is daarvan onthef.

- Baie geluk aan die **predikante** wat in hierdie dae **verjaar**. Hulle is prof Johan Buitendag en ds Connie Pieterse (20 November), prof Hennie van der Westhuizen (21 November), dr Piet Boshoff, dr Johan Otto en ds Lammert van Rooyen (22 November), di Mariaan Beukes en Henk Joubert (23 November), di Jacques Pieterse en Neels van Tonder (24 November), ds Johan Wagenaar (25 November), en ds Gert van Staden (emeritus, seun van ds Apie van Staden) (26 November).

- 'n **Orreluitvoering** deur Harry Jonkers en Koraalitems deur **Gemeente Pretoria** se Koraalkoor word op **Saterdag 22 November** om 18:30 in die kerkgebou aangebied. 'n Donasie van R100 per persoon word versoek, maar pensioenarisse en kinders onder 16 kan na eie vermoë bydra. Die geleentheid is ten bate van die Opvoeding- en Onderwysfonds vir behoeftige Afrikanerkinders. Skakel Ansie Joubert by 012 321 7580 of stuur blitspos na pretoria@nhk.co.za vir meer besonderhede.

- By sy vergadering op 13 November het die Kommissie van die AKV ook kennis geneem van of besluit oor die volgende sake rakende gemeentes:

  - **Welgelegen-Pietersburg** het uitstel verkry van beroepswerksaamhede in sy deeltydse standplaas.
  - Eredienste in **Witteberg/Clocolan** word deur ds Berend Greyling (foto regs) voortgesit. Die ringskommissie gee die nodige aandag aan die bediening van die gemeente, en die samewerking met die NG gemeente Ficksburg is beëindig.
  - Gemeente Poort het sy naam verander na **Montana-Oos**.
  - **Vredefort** mag vir ses maande van dr Gerrie Bloem as pastorale hulp gebruikmaak. Emeriti mag benut word waar gemeentes tydelike hulp nodig het. Wysigings aan die Kerkorde in dié verband sal in samewerking met die Raad vir Regsadvies geformuleer word.
  - **Primrose-Oos** het uitstel van sy beroepswerksaamhede verkry met die oog op strategiese beplanning.
  - Aandag is gegee aan die studentebearbeiding gekoppel aan Gemeente **Bloemfontein**.
  - **Setlaars** het besluit om nie 'n kerkgebou aan te koop nie.
  - **Dendron-Vivo** het uitstel van sy beroepswerksaamhede verkry. Prop Giel Malan help tans met die bediening in die gemeentes.
  - **Premiermyn** herdenk op Vrydag 21 November sy 40ste bestaansjaar.
  - 'n Gedenkmuur word op Sondag 23 November deur Gemeente **Sabie** onthul.
  - **Oudtshoorn** het sy standplaas gewysig na deeltydse bediening.

- Die ringskommissie van **Noord-Kaapland** het die hulp van die Taakspan versoek vir strategiese beplanning wat gemeentes Upington, Kuruman, Kathu en Postmasburg raak. Daar vind nie groei van lidmate in die gemeentes plaas nie, en die bediening oor die groot afstande word deur slegs twee predikante, di Hennie Pretorius en Hennie Aucamp, behartig. Ds Pretorius is intussen beroep na Gemeente Kimberley, en indien hy die beroep aanvaar, sal die situasie nog meer benard wees.

- **Ds Tinus Swart** behartig hospitaalbesoeke aan Hervormde lidmate in **Bloemfontein**. Lidmate en hul familielede van buite die gebied wat in die hospitaal besoek wil word, kan hom skakel by 083 686 2568/051 522 2616.

- Die name en kontakinligting van alle **voornemende studente** van enige tersiêre instelling in **Bloemfontein** kan aan **dr Johan Nel** deurgegee word by 083 400 0267. Tydens registrasie sal die predikante en studentekerkraad ouers en studente ontmoet. Daar is ook 'n interkerklike aanbiddingsgeleentheid op Sondag 11 Januarie 2009 om 16:30 in die NG Studentekerk (Kovsiekerk), waar die predikante van die verskillende denominasies studente sal ontmoet.

- Die studentegemeente **Philadelphia** nooi al die **2009-eerstejaars** van die Universiteit van Pretoria na 'n Eerstejaarskamp van 10 tot 15 Januarie 2009 by Kwaggasrus naby Brits. Die koste is R595 vir die ses dae. Eerstejaars aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie kan ook die kamp meemaak. Kontak Rina by 072 416 8768 of Jean by 083 290 6191 vir meer besonderhede.

- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word van 13 tot 16 Januarie 2009 op 'n Eerstejaarskamp by Serube Sa Phakwe verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Skakel ds Denton by 018 294 3509 of 082 459 9710 vir meer inligting. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.

- **Eerstejaarstudente van Stellenbosch** word genooi na 'n kamp van Saterdag 17 Januarie 13:00 tot Woensdag 21 Januarie 11:00. Die koste is R300 vir die vier dae, alles ingesluit. Studente wat nie die kamp bywoon nie, skakel gewoonlik ook later nie by die gemeente in nie. Die kamp is dus belangrik vir studentebearbeiding. Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 / 021 887 2685, of Paul van der Merwe by 072 317 9784 vir meer inligting. Die name en kontakinligting van jongmense wat volgende jaar in Stellenbosch gaan studeer, kan ook aan ds Le Roux gestuur word.

ANDER NUUS

- Die **Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika** (GKSA) het 'n rapport oor die *descensus* in die Apostolicum wat aan dié Kerk se komende Sinode in Januarie 2009 voorgelê sal word vir goedkeuring, na die Kommissie van die AKV deurgestuur vir kommentaar.

- **Dr Daan van Wyk**, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, is deur die Kommissie benoem om die **Nasionale Sinode van die GKSA** op 5 Januarie 2009 namens die Kerk by te woon en 'n groeteboodskap oor te dra. Predikante in die omgewing van Potchefstroom word versoek om die Sinodesitting by te woon, asook die Internasionale Gereformeerde Konferensie op 19 en 20 Januarie met die tema *Gereformeerde identiteit wêreldwyd*. Die konferensie word deur die Deputate Ekumenisiteit van die GKSA aangebied.

- Die **diakens** het 'n geselskamer op hulle webwerf aangelê waar diakens hulle mening kan lug oor die tema *Verskillende bedieningsmodelle vir die Diens van Barmhartigheid*. Besoek www.nhk-adv.org.za om dit te doen.

- Sondag 23 November gaan die tweede sakkie van die kollekte vir die **Algemene Diakonale Fonds**. Dié fonds word gebruik vir die Algemene Diakensvergadering (ADV) se werksaamhede in die verskillende diensvelde. Daar is ses diensvelde waar die ADV tans besig is om handleidings saam te stel vir gebruik deur gemeentes: bejaardes, gestremdes, sorgafhanklike kinders, trauma, enkelouergesinne en dwelmafhanklikheid. Die geld wat uit die deurkollektes bekom word, word vir die ontwikkeling van dié materiaal gebruik.

- Gemeentes moet asseblief by **gesiggestremde** lidmate verneem wie die ***Bybelse Dagboek 2009*** óf in **Braille** óf op **oudiokasset** wil ontvang. Die koste van die dagboek in Braille sal ongeveer R180 beloop. 'n Kosteberaming vir die oudiokassette word tans gedoen. Fakture vir hierdie produkte word slegs aan die gesiggestremde uitgemaak, omdat die dienste deur die onderskeie organisasies gesubsidieer word. Om bestellings te koördineer, sal dit nogtans goed wees as lidmate hulle name en adresse vir SENTIK kan aanstuur na: Mev Cecile Naudé, tel 012 322 8885, of sentik@nhk.co.za. Gesiggestremde lidmate van enige ander kerk kan ook genooi word om ons *Bybelse Dagboek* te bestel.

- Die ***Almanak*** en ***Bybelse Dagboek*** is tans by die drukkers, en behoort teen die einde van November beskikbaar te wees. Gemeentes wat nog nie hulle **bestellings vir 2009** ingestuur het nie, moet dit dringend doen. Kontak mev Cecile Naudé by tel 012 322 8885 of sentik@nhk.co.za.

- By sy vergadering verlede week het die Kommissie van die AKV 'n uitvoerige verslag van die **NHSV hoofbestuur** behandel oor die werksaamhede van die NHSV oor die tydperk 1 Maart 2007 tot 28 Februarie 2008. Die Kommissie voer jaarliks in Junie gesprek met die NHSV hoofbestuur en die Kommissie van die ADV.

- Die **begroting** van die **Raad van Finansies** is op 14 November deur die Kommissie van die AKV behandel en goedgekeur. 'n Skrywe daaroor sal gemeentes binnekort bereik. Die Raad het die Kommissie versoek om in Januarie 2009 in 'n werkswinkel byeen te kom om te besin oor besparing oral in die Kerk, en om te voorkom dat daar weer 'n skuldlas in die Kerk ontstaan. Die vraag is of die geld wat in die Kerk bewillig word, die saak van die Kerk dien.

ADVERTENSIES

- **Gemeente Philadelphia** het kamers vir **2 studente** beskikbaar in die wooneenheid Fleur de Lis. Dit is op die kerkgronde geleë en is binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria. Die kamers is selfversorgingseenhede. Die huur beloop R2 000 per maand. Navrae kan gerig word aan Lynette Lourens by 012 362 7237.

- Vir die eerste keer is die volledige versameling van Esopus se 244 fabels nou uit Grieks in Afrikaans vertaal en gepubliseer as ***Esopus se fabels***. Die vertaling is gedoen deur drr Gafie van Wyk en Piet Boshoff. Naas die akkurate maar maklik leesbare vertaling, bied die boekie ook 'n filosofiese besinning oor die moontlike waarde van fabels vir ons eie tyd, uitgebreide inligting oor die agtergrond, en 'n naamlys met kort beskrywings van die Griekse karakters en 'n indeks van sleutelbegrippe en name in die fabels. Die bundel word uitgegee deur Scribamus en kos R100. Doen navraag by die vertalers, dr Gafie van Wyk in Kaapstad (021 975 0974 / gafievw@mweb.co.za) of dr Piet Boshoff in Vereeniging (016 422 0172 / pbboshoff@telkomsa.net).

- **Gemeente Turffontein** het 'n vakature vir 'n **orrelis**. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na loftusmans@myconnection.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Miemie Labuschagne, by 076 284 6099 vir meer inligting.

- **Gemeente Kempten** het 'n vakature vir 'n **orrelis**. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na egf@global.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Jan du Toit, by 011 976 3500 / 082 924 4645 vir meer inligting.

- **Oorwinningskinders** is 'n groep jong Hervormers wat konserte hou om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402 vir optredes.

- Op **Saterdag 22 November** word die **pastorale beradingskursus: hospitaalpastoraat** deur prof Wentzel Coetzer in Potchefstroom aangebied. Dit sal onder meer fokus op die pastorale begeleiding van die terminale pasiënt. Die koste is R140 (sluit sleutelnotas in) met 'n opsionele handleiding vir R120. Kontak prof Coetzer by 083 660 0409, wentzelcoetzer@telkomsa.net (huis) of wentzel.coetzer@nwu.ac.za (universiteit) vir meer inligting.

- Die **NHSV** hoofbestuur se resepteboek ***Smul met smaak*** is teen R100 beskikbaar van die NHSV kantoor. Skakel mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of 082 429 1565.

- **Gutes Heim B&B Gastehuis** is een minuut vanaf Unitas-hospitaal en vyf minute vanaf Centurion se besigheidsdistrik, Supersport Park, en die Zwartkop-, Irene- en Centurion-gholfbaan. Dit is geleë in Cantonmentsweg, Lyttelton. Kontak die gasvrou, Denise, by tel 012 664 2803 / niesie.engelbrecht@gmail.com. Hulle webadres is www.gutesheim.co.za.

- **Op pad Kaap toe in Desember?** Dan is **De Voor Gasteplaas by Colesberg** 'n moet! 'n Nag se oorstaan of sommer 'n volbloed uitspan kan die lang pad baie korter maak. Kom geniet armsvol weelde in die Bo-Karoo by Christa en Andries Breytenbach. Tel 012 348 1003, 072 401 5464 of 051 753 1377 (laasgenoemde gedurende die vakansie).

- 'n Skoon, volledig toegeruste **uitsigwoonstel** (oor see, strandmeer en gholfbaan) is beskikbaar in die pragtige en veilige **Gansvallei-oord**, **Plettenbergbaai**, van 15 Desember tot 2 Januarie. Daar is 2 slaapkamers en 2 badkamers, vir 'n maksimum van 6 persone. Skakel Nettie du Toit by 084 517 6877, en sien www.goosevalley.net vir meer besonderhede.

AGTERBLAD

Nuwe redakteur vir *Die Hervormer* en *e-Hervormer*

Dr Gerhard Lindeque, predikant in Gemeente Rooihuiskraal, is benoem as redakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer.* Hy was die afgelope jaar subredakteur van die twee publikasies. Die huidige redakteur, prof Piet Geyser, emeriteer aan die einde van Januarie, en sal nog vir die Januarie/Februarie 2009-uitgawe verantwoordelik wees.

Gert Cornelis Lindeque is in 1961 in Pretoria gebore en matrikuleer in 1979 aan die Hoërskool Eldoraigne. Hy behaal die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria met lof: BA in 1982, BAHons (Semitiese Tale) in 1984 en BD in 1985. In 1986 word hy as predikant van die Hervormde Kerk georden in Gemeente Voortrekkerhoogte, waar hy sy militêre diensplig verrig. In 1988 word hy in Gemeente Swartkop bevestig met die oog op die afstigting van Gemeente Rooihuiskraal, waar hy tot op hede predikant is. In 1990 behaal hy die graad MDiv en in 2001 sy doktorsgraad in Ou-Testamentiese Wetenskap (ook aan die Universiteit van Pretoria).

Hy is getroud met Karien, eienaar van 'n speelskool, en hulle het twee seuns, Jaco en Gerco. Sy belangstellings is sport (nou net as toeskouer), die Wildtuin en films met 'n gelukkige einde. Hy is ook 'n deeltydse dosent in Ou-Testament by die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM).

Teks: Tessa Oppermann
Uitleg: Francis Coertse